

**November Vraestel
Graad 5**

Vraag 1

Voltooi die volgende hoofrekenvrae:

$$25759 - \underline{\hspace{2cm}} = 25500$$

$$3 \times 5 \times 0 = \underline{\hspace{2cm}}$$

$$80 \times 300 = \underline{\hspace{2cm}}$$

$$19 \times 14 = \underline{\hspace{2cm}} \times 19$$

$$240 \div 20 = 240 \div 10 \div \underline{\hspace{2cm}}$$

$$63000 \div 900 = \underline{\hspace{2cm}}$$

100 meer as 3987 is

 is die eerste onewe getal na 2649

$$\underline{\hspace{2cm}} - 150 = 450$$

$$70 + 20\,000 + 9 + 70\,000 = \underline{\hspace{2cm}}$$

$$5386 = (5 \times 1000) + (3 \times \underline{\hspace{2cm}}) + (\underline{\hspace{2cm}} \times 10) + (\underline{\hspace{2cm}} \times 1)$$

Vraag 2

Vul die ontbrekende antwoord in:

$$8,065 \text{ km} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ km} \underline{\hspace{2cm}} \text{ m}$$

$$950 \text{ mm} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ m}$$

$$75 \text{ cm} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ m}$$

$$6,4 \text{ m} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ m} \underline{\hspace{2cm}} \text{ mm}$$

$$180 \text{ g} + \frac{1}{4} \text{ kg} + \underline{\hspace{2cm}} = 1 \text{ kg}$$

$$13,004 \text{ kg} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ g}$$

$$14 \text{ ml} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ liter}$$

$$\frac{3}{4} \text{ liter} + \frac{1}{2} \text{ liter} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ ml}$$

$$240 \text{ sekondes} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ minute}$$

$$5 \frac{1}{2} \text{ uur} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ minute}$$

$$6 \text{ dae} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ uur}$$

Vraag 3

Skryf die volgende tye in digitale 24-uur tyd:

25 oor 9, nm

25 voor 7, vm

Half 8, vm

10 voor 5, nm

Vraag 4

Beantwoord die volgende vrae:

Noem al die veelvoude van 7 tussen 24 en 53

Gee al die faktore van 30

Omkring al die priemgetalle

2 9 13 17 21 27 29 33

Skryf die grootste onewe getal wat jy met die volgende getalle kan maak

3972

Skryf die kleinste ewe getal wat jy met die volgende getalle kan maak

5294

Rangskik die volgende getalle in stygende orde

78 586; 78 658; 87 865; 78 568; 87 658

Voltooi die tabel:

Getal	Waarde	Plekwaarde
56804		
87676		

Vraag 5

Vul in <, > of =

3000 _____ 2099 + 1

5 kg 5 g _____ 5,5 kg

5 x 0 x 3 _____ 9 x 1 - 6

7000 + 4 + 10 _____ 714

$\frac{3}{4}$ _____ $\frac{6}{8}$

Vraag 6

Rond die volgende getalle af:

Tot die naaste 100 5623 _____

Tot die naaste 10 1205 _____

Tot die naaste 1000 24798 _____

Tot die naaste 10 2099 _____

Tot die naaste 100 3961 _____

Vraag 7

Voltooi die patroon:

3752; 3852; _____; _____; _____

96; 48; 24; _____; _____; _____


13; 14; 16; 19; _____; _____; _____

2345; 2334; _____; _____; _____

3; 9; 27; _____; _____


1; 4; 9; 16; _____; _____

Kyk na die patroon wat met blokkies gepak is. Voltooi dan die tabel



Patroon	1	2	3	5	
Aantal blokkies	1	3			19

Vind die waardes van die onbekendes (a, b en c) in die vloeiagram:






a = _____


b = _____




c = _____

Vraag 8

Voltooi die volgende tabelle:

Vorm	Naam van vorm	Aantal regtehoeke	Aantal skerphoeke	Aantal stomphoeke
				
				
				


Geometriese vorm	Naam	Aantal vlakke	Aantal rande
			


Vaag 9

Identificeer in elke geval die beweging van A na B as translasië, refleksie of rotasie:

1.



2.



Vraag 10

Bereken (WYS JOU METODE)

10.1) $R634,55 + R2589,95 + R3014$

10.2) $103436 - 69718$

10.3) Bepaal die produk van 573 en 8

10.4) $23270 \div 6$

10.5) 496×38

10.6) $1944 \div 18$

10.7) $\frac{6}{7} + \frac{6}{7}$

10.8) $1\frac{3}{8} - \frac{5}{8}$

Vraag 11

Los die volgende woordprobleme op:

1. Daar is 6 blou lekkers, 5 groen lekkers en 1 rooi lekker in 'n sak. Marius neem 'n lekker uit die sak sonder om te kyk. a) Wat is die kans (waarskynlikheid) dat dit 'n groen lekker is? b) Wat is die kans dat dit 'n blou lekker is? c) Wat is die kans dat dit 'n geel lekker is? d) Wat is die kans dat die lekker rooi of blou is?

2. In 'n speelgoedwinkel is daar 5 speelgoed vir dogtertjies vir elke 4 speelgoed vir seuns. As daar 755 speelgoed vir dogtertjies is, hoeveel speelgoed is daar **altesaam** in die winkel?

3. Help vir Nico om uit te werk hoeveel stukke tou van 9 cm elk hy uit 'n rol tou kan sny wat 4,86 m tou bevat.

4. 'n Dubbelverdieping huis is 7,5 m hoog en 'n enkelverdieping huis 4,567m. Met hoeveel meter verskil die twee huise se hoogtes?


5. Die Burger-gesin ry gemiddeld 229 km per week met hul motor. Hoeveel kilometer lê die motor in 38 weke af?

6. Mev Nel spandeer $\frac{5}{9}$ van haar salaris op die huisverband en $\frac{2}{9}$ van haar salaris op die motor se paaient. As sy R15300 per maand verdien, hoeveel geld het sy oor nadat sy die huisverband en die motor se paaient betaal het?

7. In 'n seunskool van 720 leerders, neem $\frac{3}{8}$ van die seuns deel aan hokkie. Die res neem almal aan rugby deel. a) Hoeveel kinders neem aan rugby deel? b) Hoeveel meer seuns neem aan rugby as aan hokkie deel?

8. Wat is die omtrek van 'n kamer met 'n lengte van 7 m en 'n breedte van 4 m?

9. Die grafiek toon die roomysverkope vir 'n week by 'n skool se snoepie.



Beantwoord die volgende vrae:

a) Op watter dag is die minste roomyse verkoop?

b) Op watter twee dae is daar ewe veel roomyse verkoop?

c) Hoeveel roomyse is altesaam verkoop gedurende die week?

d) Watter dag was dit die warmste? Gee'n rede vir jou antwoord.

10. a) Chris oefen elke dag 80 minute lank atletiek. Hoe laat maak hy klaar as hy Dinsdag 14:45 begin oefen? b) Hy begin 17:20 met sy huiswerk en maak 18:40 klaar. Hoeveel tyd het hy aan huiswerk spandeer?

11. Hoeveel glasies van 200 ml elk sal ek uit 'n 3 liter koeldrankhouer kan skink?

12. Dawie spaar R1094, R557 en R2744. Hoeveel moet hy spaar om R8000 te hê?

13. Oom Koos het die volgende lengtes draad: 460 cm, 2,5 m en 900 mm. Hoeveel meter draad het oom Koos altesaam?

14. Wat is die verskil tussen 14032 en 8981?

15. Mia het 149 plakkers in haar plakkerboek. Haar beste vriendin het 197 plakkers en drie van haar ander maats het elkeen 206 plakkers. Hoeveel plakkers het hul altesaam?

16. Jano se pa wil 'n motor kontant koop. Hy het reeds R56789 gespaar. Hy benodig nog R18150 om die motor te koop. Hoeveel kos die motor?

17. Pa ry 7684 km in week 1 en 9979 km in week 2. Hoeveel kilometer moet hy ry voor hy 21000 km gery het?

Hierdie vraestel toets die grootste gedeelte van die werk wat in graad 5 behandel is. Die vraestel is langer as 'n standaardvraestel.